

Maandag 6 Maart

Skrifgedeelte: Galasiërs 5:22-23; Titus 3:1-11

Fokusgedeelte: Galasiërs 5:22-23; Titus 3:2

God werk in ons om nederig (sagmoedig) te wees

Daagliks daag mense gesag uit: betersweterige tieners hulle ouers, onte-vrede werkers hulle werkgewers, landsburgers die owerhede.

God wil egter hê dat gelowiges nie opstandig nie, maar nederig, bedag-saam, sagmoedig sal wees. Paulus noem drie redes waarom ons nederig, bedagsaam, sagmoedig moet wees:

- Eerstens (vs 3): Gelowiges was eens slawe van die sonde. Hulle kon eers nie “nee” gesê het vir jaloesie nie, was haatlik en naywerig.
- Tweedens (vs 4-7): God het in sy goedheid en liefde ons verlos van die slawerny van sonde, jaloesie en om opstandig te wees. Hy het deur sy Gees ons geestelik weergebore laat word. Daarmee het ons met ’n nuwe lewe begin.
- Derdens (vs 8-11): Die nuwe lewe moet prakties neerslag vind in hírdie lewe, geloof moet tot dade oorgaan. Dit beteken onder andere om dinge te doen wat goed en voordelig is vir mense. Daarvoor het mens ’n gees van sagmoedigheid en nederigheid nodig sodat jy nie meer jouself, jou sie-ninge en jou belange eerste stel nie.

Natuurlik is dit ’n groot opgawe, eintlik onmoontlik, om sagmoedig en nederig te wees, veral wanneer jy uitgedaag word en onder spanning verkeer. God weet dat ons dit nie regkry uit ons eie krag nie. In sy genade het Hy sy Gees gestuur. Sy Gees werk in ons om ook die vrug van nederigheid te dra.

Sing: Psalm 25:1, 2 (1936)

Ds. EJ (Edmund) de Beer (Laeveld)